Stigtingsjaar 1909

Tel. **086 133 3786**
Faks 012 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

MEDIAVERKLARING

TOEKENNING VAN DIE JAN H MARAISPRYS 2016

Die eerste Jan H Maraisprys vir ’n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal word toegeken aan H.B. (Hermann) Giliomee. Die prys ter waarde van R500 000 sal op 30 Mei, wyle Jannie Marais se sterfdatum, tydens ’n funksie op Stellenbosch aan hom oorhandig word.

Hermann Giliomee geniet internasionale aansien as historikus en kenner van die Suid-Afrikaanse politiek. Sy wye kennis en belangstellings het baie gedoen om by Suid-Afrikaners – en in die besonder by die Afrikaanssprekende gemeenskap – ’n kritiese ingesteldheid te kweek. Hy het ook ’n uiters belangrike rol in die bevordering van ’n verantwoordelike diskoers oor lewensbelangrike kwessies in ons land gespeel, sowel onder apartheid as in die huidige bestel.

Sy werke toon die relevansie van die verlede vir ons hede en die moontlikhede vir ’n rasionele omgang met daardie verlede. Sy lewenslange verbintenis tot onafhanklike denke en sy uitnemende akademiese uitsette in Afrikaans maak van hom ’n waardige ontvanger van hierdie eerste Jan H Marais-toekenning.

Hy is ’n uiters vrugbare navorser en skrywer, maar sy groot werk was ongetwyfeld *Die Afrikaners: ’n Biografie* in 2003.

Die Jan H Maraisprys is in 2015 ingestel deur drie van die belangrikste instansies wat hulle bestaan te danke het aan die erflating van Johannes Henoch Marais (1850–1915), vooraanstaande Stellenbosser en voormalige inwoner van Kimberley waar hy sy welvaart opgebou het. Hulle is het Jan Marais Nationale Fonds, Naspers (Media24) en die Universiteit Stellenbosch.

Die prys word jaarliks toegeken as erkenning vir ’n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans.

Die keurkomitee het bestaan uit Andreas van Wyk, oud-rektor van die Universiteit Stellenbosch, as voorsitter; Christoff Heyns, regsgeleerde van Pretoria; Piet Steyn, voormalige navorsingsdirekteur van die Universiteit Stellenbosch, Arnold van Zyl, universiteitsrektor van Stuttgard, Duitsland; en Johan van Zyl, oud-rektor van Universiteit Pretoria en voormalige hoof van Sanlam.

Die prys van R500 000 sal weer in 2017 toegeken word. Die aanwending van die prysgeld is in die hande van die ontvanger.

Dr. Dionē Prinsloo
Hoof- Uitvoerende Beampte

Tel.: 086 133 3786
Selfoon: 082 464 6953
E-pos: dprinsloo@akademie.co.za